


## FEBRUARIE 2022

Goeie dag,

Welkom in 2022. Mag dit 'n suksesvolle jaar vir u skool wees!

**Wysigingswets op Basiese Onderwys, 2021**

Sien hierby aangeheg 'n opsomming van die Basic Education Laws Amendment Bill, 2021 wat vir kommentaar gepubliseer is. Die tweede aanhangsel is die afdelings wat vrystellings sal beïnvloed. Die derde aanhangsel is die volledige Amendment Bill.

Die wysigings praat van veranderinge rakende taalbeleide, toelatingsbeleide, vrystellings, verpligte Graad R, die ontbinding van Beheerliggame ens.

Die Wet is nog nie in werking gestel nie, maar kennis moet van die volgende geneem word rakende skuldinvorderings en vrystellings, vir wanneer die wetvoorstelling wel in werking gaan tree:

1. **Die definisie van 'n ouer -**

   Die wysiging vat slegs die woorde "at school" uit definisie (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom. Dit is nie duidelik watter effek dit gaan hê nie, maar ons glo dat dit die skole meer mag sal gee om betaling van skoolfooie af te dwing op die kategorie van ouer. Ons sal mettertyd verder ondersoek instel en advies gee.

2. **Die bywoning van Graad R word verpligtend -**

   Elke ouer moet toe sien dat elke leerder vir wie hulle verantwoordelik is, vanaf Graad R skool bywoon.

   Dit sal beteken dat vrystellings ook vir Graad R ouers gegee moet word. In terme van nakoming van die Wet moet openbare skole aan die Graad R ouers die Aanhangsel "A", vrystelling merklysvorm verskaf om te teken op inskrywing. Openbare skole sal ook aan Graad R ouers Artikel 41 finale aanmaningsbriewe moet stuur voor die rekeninge oorhandig kan word vir invordering.

3. **Ander ouer onwillig om informasie vir vrystellings te verskaf -**

Soos in terme van die 2de aanhangsel en in lyn met die Fish Hoek High saak wat in 2016 aangehoor is, stel die wetsvoorstel voor dat afdelings bygevoeg moet word by Artikel 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

‘n Ouer kan die skool verskaf met ‘n beëdigde verklaring as bewys dat hulle nie weet waar die ander ouer is nie, of dat die ander ouer onwillig is om ‘n vrystellings aansoek in te dien. Die skool sal dan die vrystellings aansoek moet evalueer op die enkel ouer se voorlegging en verdienste. Hierdie kwessie was bespreek in ons Nuusbrief in Maart 2018. Laat weet ons of u wil hê ons moet hierdie Nuusbrief weer aan u stuur.

4. **Boete vir ouers wat valse inligting indien -**

Dit sal skole help waar ouers bewustelik vals of misleidende inligting verskaf. As ‘n ouer vals, misleidende, of bedrieglike inligting verskaf is hulle skuldig aan ‘n oortreding. Hulle kan dan of beboet word of tronk toe gaan vir ‘n tydperk van hoogstens 12 maande, of albei.

Ons sal op die uitkyk wees vir wanneer die voorgestelde wysigingswet in werking gestel word en ons skole daarvan inlig.

**<u>Is u diensverskaffer behoorlik verseker?</u>**

Kubermisdaad, bedrog en diefstal is tans die hoogste wat dit nog ooit was.

As u diensverskaffer, is dit noodsaaklik om die nodige maatreels in plek te hê asook genoegsame versekering om u geld te beskerm.

CeeBee het die volgende dekking in plek:

-Ons rekenaar sisteem het die nuutste Sonic Firewalls met talle antivirus filters en inbraak voorkomende programme;
-Kuberbeskermingsversekering onderskryf deur Bryte, met ‘n waarde van R 25 miljoen;
-Professionel vrywaringsversekering ter waarde van R 5 miljoen onderskryf deur Hollard;
-Kommeriële misdaadversekering vir ons Trustrekening vir 3de party fondse tot R 1 miljoen per insident, onderskryf deur Standard Bank.

Hierdie versekering is duur, maar dit is belangrik dat u fondse beskerm word terwyl dit duer CeeBee ingevorder word.

**<u>Vrystellings:</u>**

Die publieke skole is in vrystelling seisoen. Dit is belangrik om die vrystellings betyds te prosseseer en te finaliseer sodat die interne invorderings ordentelik gedoen kan word.

Prosesseer die Vrystellings aansoeke so spoedig moontlik. Die Skool moet so vroeg moontlik vasstel wie skoolgelde moet betaal en fokus u energie op daardie ouers. Die Vrystellingswet maak melding dat aansoeke moet binne 30 dae van ontvangs geprosesseer word. CeeBee bied ‘n Vrystelling prosesserings diens wat ‘n volle verifikasie van die ouers se finansieële status insluit. Ons analiseer dan die aansoek namens die Skool in terme van die Vrystellingswet en berei die uitslag briewe voor vir die Beheerliggaam wat dit dan afteken. Ons trek ook die vereiste kontroleblad op en ons doen ‘n statistieke verslag van al die Vrystellingsaansoeke wat geprosesseer is. Hierdie diens was verlede jaar geloods en baie van ons huidige

skole maak gebruik van die diens. Dit het ons genoodsaak om additionele staf aan te stel om die volumes te hanteer. Daarom sal daar ‘n prysverhoging van R10 wees. Dit verhoog dus van R 50 na R 60 per Vrystellingsaansoek. Die maksimum beperking van R5000 per skool val ook weg.

Alternatiewelik, indien u besluit om self u aansoeke te prosesseer, kan ons u van ‘n opvattende verslag voorsien wat die ouers se finansieële status, kontak besonderhede, adres verifikasie, werksbesonderhede, direkteurskap en eiendomsbesit weerspieël. In terme van die POPI wet, moet ouers toestemming gee sodat hierdie informasie geverifieer mag word, dit moet deel vorm van die Vrystellingaansoek.
Ons kan u met die korrekte bewoording assisteer.

**Artikel 41 Finale Aanmaningsbriewe:**

Stuur u Artikel 41 Finale Aanmaningsbriewe so spoedig moonlik uit aan wan-betalers. Die Artikel 41 Finale Aanmaningsbriewe verseker wel betalings.
Hierdie briewe kan uitgestuur word in die eerste kwartaal sodra die Vrystellingsaansoeke geprosseer is. Dit is algemene praktyk by Skole wat goed invorder.
CeeBee verskaf ‘n diens waarby ons die Artikel 41 briewe optrek en uitstuur via Geregistreerde e-pos of Geregistreerde pos. Die enigste koste vir die Skool is die direkte Geregistreerde e-pos/pos kostes. ‘n Geregistreerde e-pos beloop R19.95 BTW uitgesluit per e-pos en Geregistreerde pos beloop R31.80 BTW uitgesluit per brief (beplande verhoging.in Maart). Ons gee ‘n afskrif van die brief asook ‘n bewys dat die Artikel 41 brief gestuur is, aan die Skool.

Dit is belangrik dat die Artikel 41 brief geaddresseer is aan **beide** biologiese ouers. Byvoorbeeld, indien die ouers saamwoon, moet die brief geadresseer word aan Mnr en Mev XXX. Indien die ouers apart woon, moet aparte briewe gestuur word.

Indien u die Artikel 41 Finale Aanmaningbriewe aan die einde van die eerste kwartaal gestuur het, kan die wan-betalende ouers aan die einde van Augustus oorhandig word. Ons stel voor dat u begin met die Graad 1 / Graad 8 ouers. Sodoende kan die ouers vir die volgende 6/4 jaar by u skool gereabiliteer word. Sodra hulle oorhandig is, sal hulle opgespoor en gekredietlys word en omvattende kommunikasie met ons opgeleide invorderaars sal plaasvind. Indien die ouers nie na die proses betaal nie, sal hulle gedagvaar word en vertsek vonnis sal geneem word in die Hof, deur CeeBee se regsdepartement.
Hierdie hele proses **kos die Skool niks**.

**PAIA Handleiding**

Soos per ons Nuusbrief op 19 November 2021, is dit daarna deur Advokaat Ledwaba bevestig dat openbare skole nie hulle eie PAIA-handleidings hoef te hê nie.

Enige iemand wat toegang tot inligting van openbare skole wil hê, sal toegang daartoe moet kry ingevolge die Departement van Basiese Onderwys se PAIA-handleiding.

‘n Verdere gesprek is met die Departement gevoer met betrekking to PAIA en die volgende is genoem:

- Die Direkteur-Generaal sal ‘n kennisgewing aan alle provinsies uitstuur met betrekking to die PAIA-handleiding en die pad vorentoe;
- In wese sal elke provinsiale Departement van Onderwys, hulle eie PAIA-handleiding moet hê wat deur die openbare skole in daardie provinsie gebruik sal word;
- Openbare skole hoef nie hulle eie PAIA-handleidings te hê nie en sal deur die verskillende provinsiale departemente se PAIA-handleidings gedek word.

Alle skole moet steeds verseker dat hulle aan die POPI Wet voldoen en die vereistes van die POPI Wet is soos volg:

- ‘n Vertroulikheids ooreenkoms wat deur alle werknemers geteken word;
- ‘n Databeskermings beleid moet geïmplementeer word;
- ‘n Impakstudie moet gedoen word;
- Opleiding moet aan werknemers gegee word om hulle bewus te maak van POPI;
- Elke Organisasie moet ook ‘n Inligtingsbeampte en Adjunk-Inligtingsbeampte registreer by die Informasie Reguleerder.

Ons sal voorstel dat skole die volgende klousules by hulle inskrywingsvorms byvoeg as hulle nie al reeds het nie:

- Ek/Ons gee toestemming dat die skool my/ons en die student se persoonlike inligting mag insamel, stoor en opdateer.
- Ek/Ons gee toestemming dat die skool die inligting aan ‘n gemagtigde verteenwoordiger verskaf vir wetlike doeleindes alleenlik.
- Ek/Ons gee toestemming dat die inligting bevestig en opgedateer mag word deur die skool of die skool se gemagtigde verteenwoordiger waar nodig.

**Nuwe Kliënte**

**Gauteng:**
Khairos Privaat Skool; Modicademy; Lotus School of Excellence; Dalpark Learning Academy; Benoni Edu College; United Church School; Marlboro Gardens Secondary School; CBC Boksburg; Vastfontein Community Transformation; Amadeo College; Al Tawheed Islamic School; Centurion Secondary School; Eduplex; Sandhurst Preparatory School; Naturena Primary School; Randpark Ridge Montessori; Afrikaans Hoër Meisieskool Pretoria; Cornerstone Christian School; The Kings School Robin Hills; Saheti School.

**Noord Wes:**
Silver Creek School.

**Limpopo:**
Southern Cross Schools; Hoërskool Ellisras; Northam Primary School; The Lighthouse Academy; Kushcke Agricultural High.

**Kaapstad:**
Sun Valley Primary School; Gloria Botha School; Silvermine Academy; Rustenburg Girls High School.

**Oos Kaap:**
Johan Carinus Art Centre; Indwe High School; Port Alfred High School; Hoër Landbouskool Marlow.

**Vrystaat:**
Koffiefontein Gekombineerde Skool.

**KZN:**
Alexandra High School; Keitsleigh Primary School; Roseway Waldorf School; Howick Preparatory School; Izotsha Primary School; St. Annes College Richardia Primary School; Rock of Christian School; St Henry’s Marist College; St Augustines Catholic Primary; Umdoni Christian Academy; Shalom Akademie; Scottburgh High School.

Skakel my gerus indien u enige van die bogenoemde wil bespreek.

Vriendelike groete,
Douglas Brake
Besturende Direkteur